The Cradle of Hope
(Incorporated under Section 21) 2007/030236/08
NPO Registration Number 062-511-NPO
"THE NEW BEGINNING"
P.O. Box 2648
NOORDHEUWEL
1756
Tel. : 082-459-5747 Melodie
Fax : 086-528-9914
Office : No. 3 Judy Place
23 Clew Road, MONUMENT
Krugersdorp
E-mail : admin@thecradleofhope.org
Website : www.thecradleofhope.org

NUUSBRIEF NO. 01/2009 - 12 JANUARIE 2009

Indien u 'n e-pos wil stuur gebruik asseblief een van die volgende e-pos addresse:

- ***Vir alle administratiewe doeleindes:***

  admin@thecradleofhope.org

- ***Vir alle finansiele navrae:***

  albertus@thecradleofhope.org

- ***Vir alle fondsinsamelings doeleindes asook alle donasies:***

  petra@thecradleofhope.org ***of***

  melodie@thecradleofhope.org

Liewe vriende
Eerstens wil ons net weer almal bedank wat ons ondersteun het gedurende die afgelope 10 maande. Baie baie dankie aan almal wat ingespring het en betrokke geraak het en gehelp het. Baie dankie aan almal wat skenkings gemaak het, hetsy klere, kos, komberse, meubels, finansiele bydraes ens. Dit word rerig opreg waardeer.
Ons wil ook vir al ons donateurs 'n baie voorspoedige jaar toewens en ons glo dat God u

sal seen in alles wat u vir hierdie jaar beplan.
Ons vra weereens om verskoning indien u telefoon oproep, sms of e-pos nie beantwoord is nie. Die reaksie was net oorweldigend en ons kon eenvoudig nie alles hanteer nie. Met die geweldige reaksie het ons vir maande lank 7 dae per week gewerk en met min slaap klaargekom.Na vele gebeurtenisse gedurende die afgelope 10 maande, sommige positief en sommige uiters negatief het ons net meer en meer begin besef dat ons moet fokus op hulpverlening aan "**die kinders**". In die Krugersdorp Kroningspark tentdorp woon tans 94 kinders onder die ouderdom van 18 jaar. Van hierdie kinders is **32 kleuters**. (Daar is wel wonderlike suksesverhale van volwassenes wat in die tentdorp gewoon het en wat nou elders woon en werk, en met wie dit werklik uitstekend gaan. Ons vertel julle egter meer hieroor in 'n volgende nuusbrief.)
Hierdie kinders het nie gevra om gebore te word nie, en hulle het beslis nie gevra om in hierdie tentdorp te woon nie. Hierdie kinders word blootgestel aan allerhande ernstige sosiale euwels en hulle ervaringswêreld is bitter klein.

Ons kan en mag nie wegstap nie!!!

Ons wil dit net benadruk dat ons nie uitsluitlik hulp lewer aan slegs die kinders van die Kroningspark tentdorp nie, maar dat ons ook hulp verleen aan ander kinders op ander plekke wat in soortgelyke omstandighede verkeer.

KRONINGSPARK STIMULERINGS GROEPIE:

Die kleuters ontvang geen voorskoolse onderrig nie. Hulle is nie skoolgereed wanneer hulle Graad 1 toe gaan nie, en sukkel dan erg. Binne 'n jaar of twee druip hulle en beland dan in 'n spesiale klas en uiteindelik in spesiale skole. Ons is vreeslik opgewonde oor 'n projek waaraan ons sedert Julie 2008 beplan het en wat sowat 16 weke gelede afgeskop het. Ons het 'n 30 vierkante meter houthuisie as skenking ontvang en hier het ons 'n voorskoolse "stimulerings groepie" aan die gang gekry. Tans funksioneer die stimuleringsgroepie Maandae tot Vrydae vanaf 10h00 tot 11h30. Met die hulp van vrywilligers word 'n "lessie" vir die kleintjies aangebied. Hulle verf, teken, knip, bou legkaarte, kleur in, luister na stories en leer fluks en word sommer baie slim.
Hulle ontvang ook elkeen hier 'n vars broodjie met 'n lekker smeer op (bv. grondboontjie botter, eier-mayonnaise, ham en kaas ens.) , 'n protein (bv. 'n visvinger, 'n worsie ens.), 'n stukkie vrugte en 'n glas Milo melk of Nesquik melk of 'n glas Vrugtesap.
Dit is vir ons verskriklik belangrik dat die kos wat hierdie kleintjies ontvang baie vars en voedsaam moet wees. Hulle groei nog en hulle breintjies moet ontwikkel en hulle moet sterk en slim word. Ons wil ook net asb. 'n groot beroep doen op donateurs wat die tentdorp gaan besoek en vir die kinders pakkies lekkergoed en koeldrank saamneem, om dit asseblief voortaan te staak. Die kinders borsel nie tande nie, en amper almal se tande is in 'n verskriklike toestand. Ons wil 'n ernstige versoek rig dat donateurs groot asseblief wanneer hulle 'n uitreik beplan, nie vir die kinders lekkergoed en rooi koeldrank sal neem nie, maar Liquifruit of Milo en iets om te eet wat gesonder is. Daar is 'n groot behoefte aan vars vrugte in die tentdorp, en die kinders het dit nodig om te groei. Baie van die kinders ly ook aan aandag afleibaarheid en die meeste van hulle het leerprobleme, en te veel suiker en kleursels is gif vir hulle lyfies.Die eerste paar weke in die "klassie" was baie moeilik vir die vrywillige tannies. Ons het agtergekom dat die kleintjies nie op 'n stoel by 'n tafel kon sit nie. In die tentdorp is daar bitter min stoele en tafels. Die kleintjies het dit nie geken nie. Ook het ons besef dat die kleuters oor **GEEN luistervaardighede** beskik nie. Dit was bitter moeilik om vir hulle iets te probeer leer. Een van ons vrywillige juffrouens, Tannie Linda, het ook tydens 'n lessie oor "My Gesiggie" agtergekom dat die meeste van die kleintjies hulle self nog nooit in 'n spieël gesien het nie. Die paar spieëls wat wel in die

tentdorp is, is in die badkamers en so hoog teen die muur dat die kleintjies nie daar kan bykom nie. Tannie Linda het onmiddellik gereël vir spieëls en die lessie is met hulle herhaal. Ons het ook agtergekom dat die kleuters nie weet hoe om hulle hande te was nie. Tannie Linda het ook hier plan gemaak en nou is dit behoorlik ‘n gebeurtenis wanneer die kleintjies by die “skooltjie” opdaag, want eers moet ons handjies was, en dit op die regte manier, met warm water en seep wat skuim. Dis ook baie kosbaar wanneer die kos uitgedeel word, en ons bid om vir Liewe Jesus dankie te sê. Almal maak nou al mooi hulle ogies toe, sit hulle handjies saam, en sê die gebedjie agter ons aan.

Ons benodig tans die volgende vir ons “stimulerings groepie”:

- **Vrywilligers** wat bereid is om ‘n oggend of twee elke week te kom help, en om te help om die lessies aan te bied. Ons benodig twee op ‘n oggend. Daar is so 16 kleintjies wat elke oggend die klassie bywoon, en met die groot agterstand, is meer as een tannie se nodig. Die agterstand wat die kleintjies het is so groot dat ons dit rêrig verskriklik sal waardeer as ons afgetrede onderwyseresse of tannies met kleuterskool ondervinding

  kan kry om ons te kom help. Ons droom is om uiteindelik ‘n regte voltydse juffrou deur middel van ‘n borg te kan aanstel. As ons ‘n voltydse juffrou kan kry, kan ons die ure wat die “stimulerings groepie” funksioneer ook langer maak, as die 10h00 tot 11h30 wat dit nou funksioneer. Dalk kan die ure verleng word vanaf 9h00 tot 12h00.

- **Skenkings ten opsigte van gesonde kos** vir die kinders. Ons het nou ons eie stoortjie vir die kinders bekom en al die skenkings vir die kinders word hier gebêre en toegesluit. Skenkings word in ‘n boek neergeskryf en ek en Petra hou ‘n valk-oog daaroor. Ons wil net groot asseblief vra dat GEEN skenkings vir die kinders net by die tentdorp afgelaai moet word nie. Skakel asb. vir myself of vir Petra sodat ons spesifiek daarvan weet, en kan seker maak dat ons dit wel ontvang.

Tans benodig ons :

- Gesnyde brode, wit of bruin (ons gebruik 14 per dag)
- Margarien
- Smere, bv. Grondboontjiebotter en stroop, Marmite, Vissmeer, kaassmeer, aarbeikonfyt, Mayonnaise ens.
- Proteine, bv. visvingers, hoender nuggets, worsies, kaas, ham, eiers ens.

- Langlewe melk, Milo poeier, Nesquik poeier, Gekonsentreerde Blikke Vrugtesap (Ons gebruik tans ongeveer 15 liters per dag)

- Ons wil ook graag vanaf Januarie 2009 een maal per week vir die kinders ‘n **gekookte maaltyd** probeer gee, macaroni en kaas, of kapokaartappels en frikkadelle en pampoen. Dit hang egter af van die skenkings wat ons ontvang. Vrydae kry hulle joghurt of jellie en vla of roomys, as ‘n bederfie.

- Ons benodig ongeveer 25 liter **Creosout** om die houthuisie mee te verf om te keer dat termiete die hout vreet. Die houthuisie se vloeroppervlakte is 30 vierkante meter groot.

- Die huisie se dak lek effens as dit reën en ons moet dit laat herstel. Dis ‘n sinkdak.

- Dit raak verskriklik warm in die houthuisie en ons benodig asseblief **1 of 2 dakwaaiers**.

- **Opvoedkundige speelgoed** en hulpmiddels, storieboekies, kryte, papier, verf, ens.

- Ons het ‘n belofte ontvang van iemand wat vir ons ‘n **sement vloer** sal gooi vir die huisie, aangesien die houtvloer tans onstabiel is. Dit sal egter eers teen die middel van Januarie 2009 kan gebeur.

- Die **klimapparate** in die park is die eiendom van die Stadsraad en is in ‘n vreeslike toestand. Dis geroes en stukkend en moet gesweis en reggemaak word, en geverf word.

- Daar is 2 groot **bome** wat omgeval het wat **opgekap** moet word.

- Iemand om die area om ons “skooltjie” se **tuintjie** vir ons mooi te maak. Ook benodig ons mooi **gordyntjies** en iemand om die huisie vir ons mooi te verfraai.

- ‘n **Heining** om die skooltjie, vir beheerde toegang. Ons wil ook baie graag **diefwering** aan die vensters en die deur laat aanbring, aangesien die huisie maklik oopgebreek kan word en dan kan ons goedjies gesteel word. Ons sal dit vreeslik waardeer indien iemand ons hiermee kan help.

- Ons benodig die hulp van arbeidsterapeute, remedierende onderwyseresse, maatskaplike
  werkers, opvoedkundige sielkundiges, dokters en tandartse wat bereid sal wees om hierdie kinders te help, ***teen ‘n verminderde fooi***.

- **Ons benodig dringend die hulp van vrywilligers wat WESRAND gebaseer is, wat geroepe voel om by ons projekte betrokke te raak. Ons benodig hulp met die oplaai en aflaai van skenkings. Ook benodig ons iemand om ons te help met die ontvangs van skenkings en donasies, ook by die tentdorp, en die koordinering daarvan. Ook moet die persoon ons kan help met die aankoop van kos en kosprodukte en die voorbereiding daarvan spesifiek vir die kinders. Ons benodig ook hulp met die rondry van die kinders na terapeute ens. Indien enige iemand ons op ‘n administratiewe vlak kan help, sal dit ook waardeer word.** ***Skakel asb. 082 459 5747, of stuur ‘n e-pos aan Melodie (melodie@thecradleofhope.org) indien u betrokke sou wou raak.***

- **Indien daar enige individue of instansies is wat ons sou wou ondersteun met ons fondsinsamelingsprojekte soos bv. die reël van ‘n gholfdag, kan u ons ook gerus skakel. Ons het al die hulp nodig wat ons kan kry! Dis ‘n ENORME taak en alleen sal ons nie ‘n verskil kan maak nie.** ***Skakel asb. vir Petra 083 267 7707, indien u ons hiermee sou wou help.***

Indien u gelei sou voel om ons by te staan om hierdie kinders te kan help, sal ons dit verskriklik waardeer indien u ons projek **“ASSIST A CHILD”** sal ondersteun. ‘n Maandelikse debietorder fasiliteit is op ons webblad beskikbaar, www.thecradleofhope.org. Geen bedrag is te groot of te klein nie, en alles tel uiteindelik op om hierdie kinders aktief te kan help.

Donasie sertifikate is beskikbaar, en die sertifikaat kan saam met u belasting opgawe ingedien word, en SARS sal dan ‘n gedeelte daarvan aan u terugbetaal. Faks asseblief u deposito strokie aan ons by **(011) 955-5112** en dui daarop aan dat u ‘n belasting sertifkaat benodig, en ons sal die belasting sertifikaat aan u uitreik. Voorsien ons net asseblief van al u besonderhede.

Indien u nie ‘n debietorder wil onderteken nie, maar wel tot die **“ASSIST A CHILD”** fonds wil bydra, kan u ‘n deposito in die volgende bankrekening maak:

THE CRADLE OF HOPE no2 ASSIST A CHILD rekening

Eerste Nasionale Bank

Keywest Tak: 256955

Rekening no: 6219 699 4498

Hierdie skrywe is ook in **Engels** beskikbaar op ons webblad, www.thecradleofhope.org
Indien u nie meer e-posse vanaf ons wil ontvang nie, stuur ook net ‘n epos aan admin@thecradleofhope.org en ons sal u adres vanaf ons databasis verwyder.
Baie baie dankie vir al julle liefde en ondersteuning en julle bereidwilligheid om betrokke te raak en te help.

Liefde-groete

Petra Swiegers

petra@thecradleofhope.org

SEL: 083 267 7707

FAKS: (011) 794-3885

Melodie van Brakel

melodie@thecradleofhope.org

SEL: 082 459 5747

FAKS: (011) 955-5112

THE CRADLE OF HOPE
Artikel 21 Maatskappy: 2007/030236/08
NPO (NON PROFIT ORGANISATION) registrasie no: 062-511
PBO (PUBLIC BENEFIT ORGANISATION) registrasie no: 930 027 742
BTW registrasie no: 4760248593
www.thecradleofhope.org